**Vat wat jy nodig het - Artikels**

**Instruksies**: kram die lengte van die blaai vas aan 'n stuk karton, knip hierdie stukke dan los van mekaar tot by die stapler sodat die kinders kan afskeur wat hulle wil hê sonder om die blaai te skeur.

| | |
|---|---|
| **Klip:**<br>Die Here is my rots waarop ek my lewe bou; want 'n rots is vas en kan nie beweeg word nie, so is God ook | Ps 18:31 ; Ps 18:46 |

| | |
|---|---|
| **Horlosie:**<br>Tyd is in God se hand – Hy het dit gemaak en Hy beheer dit – Net Hy weet wat wanneer gaan gebeur | 2 Pet 3:8 ; Mark 13:32 |

| | |
|---|---|
| **Water**<br>God is vir my soos water. Ek kan nie sonder water klaarkom nie, so kan ek nie sonder God klaarkom nie. Water gee lewe soos God lewe gee. | Joh 4:10 |

| | |
|---|---|
| **Kruis**<br>Die kruis was God se plan sodat ek en jy nie hel toe hoef te gaan as ons Hom kies nie! | Joh 3:16 |

| | |
|---|---|
| **Hart**<br>God is liefde, Hy het ons so lief dat Hy sy enigste Seun vir ons kom gee het. | 1 Joh 4:8 |

| | |
|---|---|
| **Kers**<br>God IS lig, en God GEE lig. Waar God is kan daar nie duisternis wees nie! | 1 Joh 1:5 |

| | |
|---|---|
| **Kroon**<br>God is die Koning van die heelal, Hy is ook die Koning van my lewe | 1 Tim 6:15 ; 1 Tim 1:17 ; Ps 5:2 |

| | |
|---|---|
| **Plug**<br>God is my bron van krag. Wanneer ek krag nodig het kry ek dit by Hom, maar ek moet 'ingeplug' wees om die krag te kan kry | Ef 6:10 ; Fil 4:13 |

| | |
|---|---|
| **Suurstof**<br>Ons kan nie sonder suurstof leef nie, so kan ons ook nie sonder God leef nie –dis God wat lewe gee – Geestelik en fisies | Job 33:4 ; Job 27:3 ; Jes 42:5 |

| | |
|---|---|
| **Dagboek**<br>God doen niks ‘sommer-maar-net’ nie.  Hy beplan ALLES – Hy het jou beplan, en Hy beplan alles wat om ons gebeur | Jerm 29:11 ; Ps 139:13; Jerm 1:5 |